

1 Augustus**2 Kronieke 30:1-31:21****Oordenking: Die Paasfees word weer gevier. (2 Kronieke 30:11)**

Hiskia se hardlopers is op die meeste plekke uitgelag en gespot nadat hulle die mense uitgenooi het om weer die paasfees by te woon, maar daar was wel mense wat die uitnodiging aanvaar het. Mense reageer dikwels op dieselfde manier as ons vir hulle van God vertel. Daar is baie mense wat nie die uitnodiging om Christus aan te neem wil aanvaar nie, maar dit moet ons nie verhinder om die Goeie Nuus uit te dra nie. As jy weet en verstaan dat die Evangelie dikwels deur mense verwerp word, sal jy so 'n reaksie nie as 'n persoonlike verwerping ervaar nie. Onthou dat die Heilige Gees mense oortuig en van hulle skuld bewus maak. Dit is ons taak om ander te nooi om God se versoening en beloftes te aanvaar, asook die aanspraak wat Hy op ons lewens het.

2 Augustus**2 Kronieke 32:1-33:13****Oordenking: Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib. (2 Kronieke 32:1)**

Koning Hiskia het twee belangrike besluite geneem toe hy besef het dat sy volk deur 'n Assiriese inval bedreig word. Hy het alles gedoen wat hy kon om die probleem op te los en volkome vertrou dat God dit sou oplos. Dit is presies wat ons moet doen as ons voor probleme en krisisse te staan kom. Doen alles wat jy kan om die probleem op te los en die omstandighede te verbeter, maar dra dit terselfdertyd in gebed aan God op en vertrou met jou hele hart dat Hy 'n oplossing sal gee.

3 Augustus**2 Kronieke 33:14-34:33****Oordenking: Josia Bestry die afgodery. (2 Kronieke 34:3)**

In die tyd waarin Josia geleef het, is 'n jong seun van twaalf as 'n man beskou. Josia het dus op sestienjarige ouderdom reeds geweet watter verantwoordelikhede sy posisie ingehou het. Op daardie jeugdige leeftyd het hy baie groter insig aan die dag gelê as van die ouer konings voor hom, want hy het besluit om die Here God en Sy wysheid te soek en na te streef. God se wysheid behoort immers nie uitsluitlik aan die ouer geslag nie - jong mense kan ook genoeg wysheid hê om geestelike leiers te kan wees. Paulus het vir die jong Timoteus gesê: "Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie" (1 Timoteus 4:12). As God vir jou wysheid en geestelike insig gegee het, moet jy dit tot Sy eer en in Sy diens gebruik, wat jou ouderdom ook al is.

4 Augustus**2 Kronieke 35:1-36:23****Oordenking: Geloof, afval, straf en terugkeer. (2 Kronieke 36:22, 23)**

2 Kronieke vertel die verhaal van hoe die volk van Israel God eers aanbid, en later die rug op Hom gekeer het. Die tempel is simbool van dié aanbidding en die afbreek daarvan is simbool van die volk se latere afvalligheid. Dawid het reeds begin met die beplanning vir die bou van die tempel, en Salomo het dit uiteindelik gebou. Hy het ook die grootste erediens ooit daar gehou en in daardie tyd was die volk se aanbidding in die tempel iets wat baie goed georganiseer was. Die volk het egter onder die leiding van slegte konings afvallig geraak en die tempel is onheilig - tot só 'n mate dat die afgode meer as God vereer is. Uiteindelik is die tempel self dan ook deur koning Nebukadnesar van Babel verwoes (2 Kronieke 36:19). Daar was nie meer konings nie, die tempel was verwoes en die mense weggevoer. Die volk is tot op die fondament van alles wat hulle gehad het, gestroop. Maar gelukkig was daar 'n groter en sterker fondament, naamlik God self wat die volk, nadat hulle die straf van ballingskap uitgedien het, herstel het. Al word ons van alles in die lewe gestroop, het ons nog vir God, het ons nog Sy Woord, Sy teenwoordigheid en Sy beloftes.

5 Augustus

Esra 1:1-2:70

Oordenking: Die proklamasie van Kores. (Esra 1:5)

God het aan die leiers die begeerte gegee om na Jerusalem terug te keer en die tempel te gaan herbou. Groot veranderinge begin in ons harte, want dit is daar waar die Here aan ons gesindhede, beginsels en begeertes werk en verander. Hierdie innerlike veranderinge lei tot dade wat spreek van ons trou aan Hom. Die hooghartige Joodse volk was na jare van ballingskap weer nederig. En toe die volk se gesindheid eers verander het, het die Here opgehou om hulle te tug en het Hy dit weer eens vir hulle moontlik gemaak om huis toe te gaan en weer te probeer. Paulus sê vir ons in Filippense 2:13: "dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer." Om God se wil te doen, is 'n proses wat by jou wil begin - jy moet dit eers begeer voordat jy dit kan doen. Is jy gewillig om nederig te wees, om jouself aan God se geleentheid te onderwerp en te gaan waar Hy jou lei? Vra God om die begeerte in jou hart te plaas sodat jy graag Sy wil sal wil doen.

6 Augustus

Esra 3:1-4:24

Oordenking: Die brandofferaltaar en die huttefees. (Esra 3:5)

Die ballinge het feitlik onmiddellik na hulle aankoms in die nuwe land 'n altaar opgerig. Daar het hulle begin om God te aanbid en offers aan Hom te bring, selfs nog voordat die fundamente vir die tempel gelê was. Al die jare wat hulle in ballingskap was, het vir hulle 'n baie duur les geleer: hulle het besef dat die Here nie mense wat Hom ignoreer, beskerm nie. Hulle was nog relatief sterk toe die Babiloniërs hulle weggevoer het, maar nou was hulle swak en deur vyande omring. Dit was dus vir hulle van die allergrootste belang om op God se krag staat te maak, en hulle het ook besef hoe ontsettend belangrik dit is om God met volle oorgawe, dus uit die hart, te gehoorsaam en nie slegs uit gewoonte nie. As ons groot take onderneem en ons vra die Here om ons te help, moet ons eers seker maak dat ons verhouding met Hom reg en gesond is.

7 Augustus

Esra 5:1-6:22

Oordenking: Die navraag van Tattenai en die antwoord van Darius. (Esra 5:11)

Die werkers wat besig was om die tempel te herbou, is deur goewerneur Tattenai van Babilonië gevra wie hulle toestemming gegee het om dit te doen. So iets sou hulle maklik kon ontsenu, maar ons lees dat hulle eenvoudig geantwoord het: "Ons is dienaars van die God van die hemel en die aarde."

Dit is nie maklik om in 'n ongelowige wêreld vir die geloof standpunt in te neem nie - maar dit is wat ons moet doen. En ons kan druk en intimidasie neutraliseer deur te onthou en te erken dat ons dienaars van God is. Ons moet altyd eers aan Hom getrou wees en dan, in die tweede plek, aan mense. Dit is maklik om lam te word van vrees as 'n mens aan ander se vyandiggesindheid dink, maar as ons probeer om almal tevrede te stel en niemand te ontstel nie, sal ons nie meer bruikbare en effektiewe dienaars van God kan wees nie. God is ons leier, en Sy beloning is die heel belangrikste. Moenie toelaat dat ander jou intimideer nie. Laat hulle duidelik deur jou woorde en dade sien en hoor waar jou lojaliteit lê en wie se dienaar jy is.

8 Augustus

Esra 7:1-8:20

Oordenking: Esra werf Leviëte om saam te gaan. (Esra 8:15)

Esra se terugreis na Jerusalem is onderbreek toe hy moes wag totdat die Leviëte gewerf kon word om saam te gaan. God het daardie mense tot 'n baie spesiale taak geroep, maar hulle was nog steeds huiwerig om hulp aan te bied en saam te gaan. God het aan elkeen van ons sekere talente gegee sodat ons ook bydraes kan lewer tot die bou van Sy koninkryk (Romeine 12:4-8). Moenie wag totdat jy "gewerf" word nie - bied sommer jou dienste aan. Moenie God se werk vertraag deur jou huiwering om te help nie. "As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien" (1 Petrus 4:10).

9 Augustus**Esra 8:21-9:15****Oordenking: Esra en sy geselskap gaan terug. (Esra 8:23)**

Esra het geweet dat God belowe het om Sy volk te beskerm, maar hy het daardie beloftes nie sommer as vanselfsprekend aanvaar nie. Hy het ook geweet dat God se seën in gebed gevra moet word en daarom het hy en die mense by hom hulle verootmoedig, God in die gebed aangeroop, en gevas. Hulle gebede is beantwoord. Hulle het as blyk van verootmoediging gevas, want as 'n mens sonder kos bly, is jy diep bewus van God se algehele voorsienigheid. Dit het ook vir hulle meer tyd gegee om te bid en oor God na te dink.

Ons bid te dikwels onnadenkend en sommer op 'n oppervlakkige manier. Ernstige en opregte gebede verg inspanning. Dit bring ons in aanraking met God se wil, en ons kan waarlik deur daardie soort gebed verander word. As ons nie ernstige en opregte gebede ken nie, wil ons van God 'n soort "noodapteeke om die hoek" maak waar ons gou-gou 'n pynstillertjie kan kry as dit nodig is, maar met Wie ons nie regtig 'n diep en intieme verhouding wil hê nie.

10 Augustus**Esra 10:1-44****Oordenking: Die vreemde vrouens word weggestuur. (Esra 10:3-11)**

In antwoord op Esra se ernstige gebed, het die mense hulle sondes voor God bely. Daarna het hulle om leiding gevra, sodat hulle hul verhouding met God kon herstel. Opregte berou en belydenis eindig nie by die woorde van die belydenis nie. Nee, dit moet tot veranderde gedrag en gesindhede lei. As jy sonde gedoen het en jy het opreg berou daarvoor, bely dit voor God, vra Hom om vergifnis en aanvaar Sy genade en vergifnis. Bewys dan dat jy opreg dankbaar is vir daardie vergifnis deur toe te laat dat Hy jou gedrag en optrede verander.

11 Augustus**Nehemia 1:1-3:32****Oordenking: Nehemia kry toestemming om Jerusalem te herbou. (Nehemia 2:9, 10, 19)**

Nehemia het voor teenstand te staan gekom toe hy in Juda aankom. Die teenstand het al 90 jaar lank in daardie omgewing geheers en was afkomstig van die mense wat daar gaan woon het toe die Jode in ballingskap weggevoer is. Hulle wou nie hê dat Jerusalem herbou moes word nie. Ons vind maar in elke geslag mense wat God se kinders haat en probeer om Sy werk in die wêreld te ry. As jy probeer om vir God te werk, sal jy ook teenkanting ondervind. Daar sal selfs mense wees wat hoop dat jy misluk. As jy teenkanting verwag, sal jy daarop voorbereid wees en sal dit jou nie onverhoeds betrap nie (1 Johannes 3:13). Die wete dat God 'n mens steun, is die heel beste aansporing wat enigeen kan hê, selfs al is daar ook teenkanting van die kant van die wêreld.

12 Augustus**Nehemia 4:1-5:19****Oordenking: Pogings om die bouwerk tot stilstand te bring. (Nehemia 4:16)**

Aangesien die werkers oor die lengte van die muur versprei was, het Nehemia 'n plan beraam om te sorg dat hulle beskerm word. Hy het naamlik beveel dat die helfte van die mans moes werk, terwyl die ander helfte, ten volle gewapen, agter hulle staan. Christene moet mekaar op dieselfde manier help. Ons is soms so bewus van moontlike gevare, dat ons nie meer effektief vir God kan werk nie. As ons na mekaar omsien, stel dit ons vry om ongehinderd met ons werk vir Hom voort te gaan, want dan weet ons dat die ander daar is as ons hulle nodig het. Daar moet 'n gees van eenheid en samewerking onder spanlede wees. Moet jouself dus nooit van ander afsny nie, maar sluit by hulle aan. Dit sal tot jou eie én hulle voordeel wees. Jy het ander mense net so nodig as wat hulle jou het. Geen individu kan so sterk wees soos almal saam nie.

13 Augustus**Nehemia 6:1-7:73****Oordenking: Voltooing van die muur. (Nehemia 6:10-13)**

Selfs toe Nehemia persoonlik bedreig was, het hy nie bang geword en na die tempel gevlug nie. Dit sou volgens die wet van God verkeerd van hom gewees het om in die tempel in te gaan en daar te gaan skuil, aangesien hy nie 'n priester was nie (Numeri 18:22). As hy sou vlug, sou die mense saam met hom ook moed verloor - en hy het juis so hard probeer om hulle sterk te laat staan. Leiers word dikwels aangeval. Daarom moet ons vir mense in gesagsposisies bid (1 Timoteus 2:2). Bid dat hulle nie sal struikel of swig voor persoonlike aanvalle en versoekings nie. Hulle het God se moed en dapperheid baie nodig, want daardeur kan hulle hul eie vrese te bowe kom.

14 Augustus**Nehemia 8:1-9:25****Oordenking: Die huttefees en vasdag. (Nehemia 9:6-21)**

Talle gebede en toesprake in die Bybel sluit ook lang samevattinge van Israel se geskiedenis in, omdat elkeen nie in daardie tyd, soos vandag, 'n eie Bybel gehad het nie. Dié samevattinge van alles wat God in die verlede gedoen het, moes die mense dus enersyds aan hulle grootse erfenis, en andersyds aan God se beloftes herinner.

Dit is ook vandag vir ons nodig om ons eie geskiedenis te onthou, sodat ons nie weer dieselfde foute as in die verlede sal maak nie en ons God gevolglik beter kan dien. Om oor die verlede na te dink, help ons ook om ons gedrag beter te verstaan en in te sien hoe ons dit in die toekoms kan verbeter. Ons sal ook kan sien of daar 'n bepaalde patroon ten opsigte van ons geestelike groei is. Jy moet uit die ervarings van die verlede leer, sodat jy kan word soos wat God graag wil hê jy moet wees.

15 Augustus**Nehemia 9:26-10:39****Oordenking: Vasdag en God se verbond herstel. (Nehemia 10:28, 29)**

Die muur was voltooi en die verbond wat die Here in Moses se tyd met Sy volk gesluit het, was herstel (Deuteronomium 8). Dié verbond sluit ook beginsels in wat vandag vir ons van belang is. Ons verhouding met God behels baie meer as kerkbywoning en stiltie. Ons verhouding met God behoort ons verhoudings met ander (Nehemia 10:30), ons tyd (Nehemia 10:31) én ons materiële besittings (Nehemia 10:32-39) te raak. Jy het immers belowe om God op hierdie manier te volg toe jy die besluit geneem het. Die Israeliete het afgedwaal van hulle oorspronklike besluit om God te volg. Ons moet daarteen waak om dieselfde fout te maak.

16 Augustus**Nehemia 11:1-12:26****Oordenking: Die Inwoners van Jerusalem. (Nehemia 11:1)**

Die ballinge wat na Jerusalem teruggekeer het, was baie minder as die inwoners van die stad in die tyd van die konings. Die muur is egter volgens die oorspronklike afmetings herbou en daarom was die stad op die oog af maar yl bevolk. Nehemia het gevra dat een tiende van die omliggende bevolking binne die stadsmure gaan woon, sodat daar nie sulke groot dele sou leeg staan nie. Skynbaar wou daardie mense nie in die stad gaan woon nie. Slegs enkeles het uit hulle eie aangebied om te trek, en daarom moes Nehemia die lot werp om te bepaal wie van die ander moes trek.

Daar was 'n paar redes waarom die mense nie in Jerusalem wou woon nie. (1) Die inwoners van Jerusalem is soms deur die nie-Jode as mense met 'n effense "stigma" beskou, en hulle is ook dikwels doelbewus uit die handelswêreld uitgesluit vanweë hulle godsdienstige oortuigings. (2) As hulle in die stad sou gaan woon, sou hulle hul huise en besighede van voor af moes opbou en dit sou uiteraard baie tyd en geld in beslag neem. (3) As hulle binne die stadsmuur sou gaan woon, sou hulle groter gehoorsaamheid aan die Woord van God aan die dag moes lê, aangesien die gemeenskap dit van hulle sou vereis en hulle ook soveel nader aan die tempel sou wees.

17 Augustus**Nehemia 12:27-13:31****Oordenking: Nehemia se optrede teen dié wat met vreemde vroue getroud was.****(Nehemia 13:26)**

Nehemia het Salomo as voorbeeld gebruik in 'n poging om die mense uit die foute van die verlede te leer. As een van die heel grootste konings wat Israel ooit gehad het, onder die invloed van ongelowiges kon swig, dan sou ander ook swig. Nehemia het 'n sekere beginsel uit die lewe van Salomo gehaal: talente en gawes is nie veel werd as 'n mens nie weet hoe om jou swakhede te bowe te kom nie. Al was Salomo so 'n groot koning, het sy huwelike met vreemde vrouens die hele volk in tragedie gedompel. 'n Mens moet dadelik 'n sondige neiging bestry as jy dit in jousef raaksien, anders kan dit jou dalk oorweldig en tot jou ondergang lei.

Een van die belangriker redes waarom 'n mens die Bybel moet lees, is om uit die sondes wat God se kinders in die verlede gedoen het, te leer.

18 Augustus**Ester 1:1-3:15****Oordenking: Ester word koningin. (Ester 2:17)**

Die Here het Ester koningin gemaak nog voordat die Jode deur algehele uitwissing bedreig is. Daardeur het Hy vroegtydig gesorg dat iemand in 'n posisie sou wees om te help. As jy dalk van werk, posisie of woonplek verander en jy kan nie dadelik God se doel met jou omstandighede insien en verstaan nie, onthou dan dat Hy dalk besig is om jou in 'n posisie te plaas waar jy sal kan help wanneer dit nodig word.

19 Augustus**Ester 4:1-7:10****Oordenking: Mordegai en Ester span saam teen Haman. (Ester 4:16)**

"Red jousef" en "Dek jou eie agterhoede" is maar twee slagspreuke wat die selfsug van die wêreld weerspieël. Ester se gesindheid was presies die teenoorgestelde. Sy het geweet wat sy moes doen en sy het ook geweet dat dit haar lewe sou kon kos. Nogtans het sy gedoen wat gedoen moes word, en gesê: "As ek moet omkom, moet ek maar omkom." Ons moet met dieselfde toewyding doen wat reg is, wat die gevolge ook al mag wees. Geloof beteken juis dat 'n mens sal doen wat God wil hê en dan op Hom sal vertrou om jou in staat te stel om die gevolge te dra. Probeer jy jousef red deur stil te bly wanneer jy veronderstel is om standpunt in te neem vir iets wat reg is? Doen met oorgawe en toewyding wat God wil hê en vertrou verder net op Hom.

20 Augustus**Ester 8:1-10:3****Oordenking: Mordegai beywer hom vir sy mense. (Ester 10:3)**

Ons sien in die boek Ester hoe God in die lewens van individue, maar ook in die lewe van 'n volk werk. Al lyk dit asof die wêreld in die hande van slegte mense is, is God nog steeds in beheer en beskerm Hy nog steeds dié wat aan Hom behoort. Al verstaan ons nie alles wat besig is om om ons te gebeur nie, moet ons aanhou glo in God se beskerming en ons integriteit handhaaf deur te doen wat reg is. Ester het haar lewe gewaag deur ongenooid voor die koning te verskyn. Daardeur het sy 'n heldin geword. Mordegai, oor wie daar as't ware 'n doodsvonnis uitgespreek was, het gevorder tot net onder die koning. Hoe hopeloos ons omstandighede ook al mag lyk en hoe groot die versoeking om tou op te gooi ook al mag wees, moet ons onthou dat ons nie wanhopig behóórt te raak nie. Want God is in beheer van die wêreld.

21 Augustus**Job 1:1-3:26****Oordenking: Satan tref vir Job met pynlike swere. (Job 2:10)**

Baie mense dink dat hulle geloof in God hulle van probleme moet beskerm, en daarom is hulle baie vinnig om God se goedheid en regverdigheid te bevraagteken wanneer probleme en moeilikheid toeslaan. Maar die boodskap in die boek Job is dat ons nooit van God moet wegkeer omdat daar slegte dinge met ons gebeur nie. Ons geloof in God is geen waarborg vir voorspoed nie en net so is 'n gebrek aan geloof ook geen waarborg dat probleme sal toeslaan nie. As dit die geval was, sou mense net in God geglo het om daardeur te kon ryk word. Natuurlik is Hy in staat om ons van lyding te verlos, maar soms laat Hy dit toe om redes wat ons nie altyd verstaan nie. Job toon duidelik vir ons dat sy perspektief breër as sy eie gerief was. As ons altyd moes weet wat die doel met ons lyding was, dan sou daar vir ons geen ruimte vir geestelike groei gewees het nie.

22 Augustus**Job 4:1-7:21****Oordenking: Job: Ek weet nie meer raad nie. (Job 6:8, 9)**

Job se ellende was só groot dat hy wou tou opgooi; dat hy wou sterf sodat hy verlos kon word van sy lyding. Maar God het nie sy versoek toegestaan nie, want Hy het 'n ander plan met sy lewe gehad. Ons is ook, soos Job, geneig om te wil tou opgooi as dinge vir ons moeilik raak. Dit is goed as ons op God vertrou as dit met ons goed gaan, maar as ons ook in moeilike tye en te midde van probleme en beproewings in Hom bly glo, is dit 'n toets vir en versterking van ons geloof. Jy moet te midde van jou probleme en stryd aanhou glo dat God in beheer is (Romeine 8:28).

23 Augustus**Job 8:1-11:20****Oordenking: Bildad: Sal God die reg verdraai? (Job 8:14, 15)**

Bildad het onder die wanindruk verkeer dat Job nie op GóD vertrou het nie, maar op iets anders. Daarom het hy vir hom gesê dat niks anders staande kon bly nie. Die behoefte aan sekuriteit is een van die mense se mees basiese behoeftes en mense sal byna éniets doen om hulle sekuriteit te verseker. Al ons geld, besittings, verhoudings en kennis kom die een of ander tyd tot 'n einde, verdwyn, of laat ons in die steek wanneer ons daarop staat maak. God bied die enigste blywende sekuriteit wat daar is. Waarop vertrou jy vir jou sekuriteit? Hoe blywend is dit? As God jou fondament is, kan geen onsekerheid jou ontwortel nie.

24 Augustus**Job 12:1-15:35****Oordenking: Die mens se lewe is kort en vol onrus. (Job 14:1)**

Job sê hier dat die mens se lewe kort en vol onrus is. Sy siekte, eensaamheid, ontugtering en die werklikheid van die dood laat hom sê dat die lewe ook nie regverdig is nie. Deurentyd hou hy egter vas aan dié gedagte waarop ons ook ons hoop vestig, naamlik die opstanding (Job 14:14, 15). Die oplossing wat God in hierdie onregverdige wêreld aan ons bied, is dat ons vir ewig by Hom kan leef. Hoe vol onreg die wêreld ook al vir jou mag lyk, God bied aan almal die moontlikheid om vir ewig by Hom te wees.

25 Augustus**Job 16:1-19:29****Oordenking: Job: Ek sal vir God sien. (Job 19:25-27)**

Job bevestig sy vertroue in God as hy sê: "Ek weet dat my Losser leef." 'n Losser was in daardie tyd 'n familielid of iemand anders wat 'n slaaf vrygekoop, of na 'n weduwee omgesien het. Hoe groot was Job se geloof nie! Ons moet onthou dat hy nie geweet het van die ooreenkoms tussen God en Satan nie. Hy het gedink dat God al daardie beproewings oor hom gebring het en, te midde van al daardie ellende, het hy steeds verwag om God te sien terwyl hy nog lewe. Maar al hét hy geglo dat God self al daardie swaarkry oor hom gebring het, het hy nog steeds vas geglo dat Hy uiteindelik weer aan sy kant sou wees. En dié geloof was só sterk, dat Job met vrymoedigheid oor die opstanding van die liggaam gepraat het. (Lees ook Psalm 16:10; Jesaja 26:19; Daniël 12:2, 3.)

26 Augustus**Job 20:1-22:30****Oordenking: Job: Waarom word die goddeloses ryk en vernaam? (Job 21:22)**

Job vra te midde van sy verwarring oor al die ellende wat hy moet verduur: "Sou iemand vir God iets kon leer, vir Hom wat selfs die sterkstes regeer?" Al is die beproewing en ellende wat jy moet verduur, vir jou net so erg soos dié van Job, moet jy altyd onthou dat jou reaksie daarop duidelik aantoon wat jou gesindheid teenoor God is. Moenie vir Hom kwaad word nie, maar hou aan om op Hom te vertrou, wat jou omstandighede ook al mag wees. Al is dit moeilik om dit raak te sien, moet jy altyd onthou dat die Here wél in beheer is.

27 Augustus**Job 23:1-27:23****Oordenking: Wat God wil doen, doen Hy. (Job 23:10)**

Elifas het Job veroordeel omdat hy gemeen het dat Job die een of ander geheime sonde gedoen het. Daar is maar altyd verborge sondes in ons lewe, sondes waarvan ons dalk self nie eens weet nie, want die standaard wat God stel, is só ontsettend hoog en ons skiet só ver tekort. As ons egter opreg gelowig is, dan is al ons sondes vergewe danksy Christus se verlossingswerk aan die kruis (Romeine 5:1; 8:1). Die Bybel leer vir ons dat selfs al sou ons eie gewete ons veroordeel, God baie groter as ons gewete is (1 Johannes 3:17-24). Sy vergifnis en reiniging is vir ons genoeg en dit skakel enige twyfel wat die gewete mag hê, uit. Die Heilige Gees wat in ons woon, is die bewys dat ons voor God onskuldig is, selfs al voel ons dalk skuldig. As ons, Soos Job, opreg en ernstig na God soek, kan ons staande bly te midde van ander mense én ons eie gewete se beskuldigings. As God ons vergewe, dan is ons waarlik vergewe.

28 Augustus**Job 28:1-30:31****Oordenking: Om die Here te dien, is wysheid. (Job 28:12)**

Mense kan baie tegnologiese wonders doen. Hulle kan sterre wat nie met die oog gesien kan word nie, opspoor; hulle probeer om die buitenste ruim te bereik; hulle kan boeke en boeke vol inligting op 'n mikroskyfie berg. Maar selfs nie die slimste mense wat daar is, beskik oor die wysheid wat nodig is om elke dag te kan lewe nie. God is die enigste wat vir hulle kan wys waar om daardie wysheid te bekom, want Hy is die bron van alle wysheid (28:27). Ware wysheid beteken dat 'n mens God se perspektief oor die lewe sal hê. Hy is die Skepper van die lewe en slegs Hy weet wat vir Sy skepping en skepsel die beste is. Ons sal sonder enige sukses probeer om die nodige wysheid te bekom as ons net op ons eie waarnemings en pogings gaan staat maak, want slegs God weet wat Sy hoër en groter doel met hierdie wêreld is.

29 Augustus**Job 31:1-33:33****Oordenking: Elihu: God spreek die mens aan. (Job 33:13)**

Om ingelig te wees, is vir die mens 'n bron van sekuriteit. Dit is maar net normaal om graag te wil weet wat in 'n mens se lewe aangaan. Job wou ook weet wat besig was om in sy lewe te gebeur en waarom hy so moes ly. Ons sien dat hy geweldige frustrasie beleef het. Elihu het gemeen dat hy die antwoord op Job se grootste vraag, naamlik waarom God nie vir hom wou sê wat aan die gang was nie, gehad het. Daarom het hy vir Job gesê dat die Here probeer het om sy vraag te beantwoord, maar dat hy nie wou luister nie. Elihu was verkeerd. As God al ons vrae sou beantwoord, sou ons nooit genoegsaam getoets kon word nie. Wat, dink jy, sou gebeur het as Hy heel aan die begin vir Job gesê het: "Job, die Satan gaan jou baie swaar laat kry, maar jy sal uiteindelik weer gesond word en nóg meer as tevore hê"? Job se grootste toets het nie in die pyn en lyding gelê nie, maar in die feit dat hy nie geweet het waarom hy dit alles moes verduur nie. Ons grootste toets mag dalk daarin lê dat ons moet aanhou om op God se goedheid te vertrou, al weet ons nie waarom ons lewe in 'n sekere rigting gaan nie. Ons moet leer om op God, wat goed is, te vertrou, en nie op die goedheid van ons lewe nie.

30 Augustus**Job 34:1-36:33****Oordenking: Elihu: Dink na oor die wonderdade van God. (Job 36:26)**

Een van die temas wat dikwels in die poëtiese boeke van die Bybel voorkom, is dat God so onbegryplik is, dat ons Hom nie volkome kan ken nie. Dit beteken nie dat ons niks van Hom af kan weet nie. Die Bybel is immers vol openbaringe van God, van wie Hy is, hoe ons Hom kan ken en hoe ons 'n ewige verhouding met Hom kan hê. Nee, al die verwysings na die ondeurgrondelikheid van God beteken dat ons nooit genoeg sal kan weet om al die vrae in die lewe te beantwoord nie (Prediker 3:11), dat ons nooit ons eie toekoms sal kan voorspel nie en God nooit tot ons eie voordeel sal kan manipuleer nie. Daar is meer vrae as antwoorde in die lewe en ons moet voortdurend by God na nuwe insig oor al die probleme van die lewe gaan soek.

31 Augustus**Job 37:1-39:38****Oordenking: Die Here sê: Ek sal vra, antwoord jy My. (Job 38:22-35)**

God sê duidelik dat al die magte in die natuur onder Sy beheer is en dat Hy hulle kan loslaat of stil kan hou. Daar is niemand wat alles weet van dinge so doodgewoon soos die reën of sneeu nie en daar is geen mens wat daardie magte kan beheer nie. God het hulle geskep en Hy is die enigste wat die mag het om hulle te beheer. Wat Hy daardeur vir Job wou sê, was dat hy nie eens daardie eenvoudige natuurverskynsels kon verstaan nie - hoe kon hy dan vrae aan God stel of dinge aangaande Hom probeer verduidelik! Alles in die skepping is nie georden presies soos ons dink nie en alles verloop ook nie soos ons verwag nie - net so is God se doel ook nie altyd presies soos wat ons dink dit is nie.